



## Liewe Vriende,

Ons woon tans op 'n mooi plek aan die ver kant van Nacala-stad met 'n pragtige uitsig oor die baai.

Dis 'n stad met 'n mengelmoes van mense – die meeste in duisternis, sonder die Lig van die Evangelie.



Stoep-uitsig oor Nacala baai

## 1. Ons bly nog; meubels en al

Tydens die uitstuur van ons vorige nuusbrief was ons aansoek vir ons verblyfpermitte ingehandig, maar het ons nog op die uitslag van die aansoek gewag.

Dankie aan almal wat saam gebid het. Ons is vir nog 'n jaar wettig.

Terwyl ons in Pemba was, het Andries by die polisiekommandant toestemming gekry om Macomia toe te reis waar hy heelwat van ons meubels, huisware en gereedskap op 'n vragmotor kon laai en Pemba toe kon bring. Vandaar kon ons die vrag saam met ander goedere wat reeds in Pemba was Nacala toe stuur. Ons kon net verstom staan oor hoe die Here al die detail van die trek laat uitwerk het.



Tye, geleentheid en vriende het soos 'n handskoen in mekaar gepas; ons is Vader so dankbaar vir genade

## 2. Waar moet Sy lig skyn?

Dis natuurlik waar dat elkeen in wie se hart die Here sy lig laat deurbreek het, skyn waar hy ook al kom.

So het ons in die eerste weke van ons bly in Nacala die goeie nuus gedeel met wie ook al ons pad gekruis het, en gebid dat die Here ons sal lei na waar ons moet fokus.

Ons het julle voorheen vertel van die goeie moontlikheid om by ontwikkeling van 'n Christen radiostasie in Nacala betrokke te raak.

Met nuwe wetgewing op die tafel vir strenger beheer oor joernalistiek en publieke kommunikasie, sowel as nog te min plaaslike Nahara gelowiges met die nodige tyd, visie en volwassenheid vir 'n radio stasie, is die planne hiervoor eers op die ys geplaas. Ons sou dus nie ons kragte nou hierby inspan nie.


Met die verloop van tyd het ons meer op sekere areas begin fokus.

### 2.1. Veritas

Andries was nog altyd lief vir die Veritas materiaal - wat fokus op hoe om die Bybel te interpreteer.

Die oordra van die onveranderlike waarhede in die Woord, is vir ons albei belangrik – deur onself en deur ander.

Ook hier in Nacala is die materiaal aan verskillende mense voorgestel. So het Andries gedurende die afgelope maande ons kollega **Grant**, sowel as 'n **pastoor** uit Zimbabwe as fasiliteerders in module 1 opgelei.



### Veritas

Dit was lekker om uiteindelik module 1 se vertaling af te handel en is meer gebruiksvriendelik

Daar is ook heelwat tyd spandeer aan die **opknappingswerk** van die Portugese weergawe van die Veritas materiaal. Beide van ons, sowel as Stephanie Herron in Macia werk hieraan. Elke les word dus deur drie mense onder oe geneem en daarna bespreek ons die regte opspies – met taal, kultuur en korrekte inhoud in gedagte – tydens 'n zoom-vergadering. (hoe het hierdie covid-tegnologie ontploffing nie nuwe deure vir ons oopgemaak nie!) Module 1 is nou voltooi, en al was dit baie ure se werk is dit so lekker om die nuwe te gebruik.

Andries het ook **Stephanie en Sunette** as module 2 fasiliteerders opgelei, en bg proses word dan nou ook t.o.v. die module 2 materiaal aangepak.

'n Groep **Nacala kerkleiers** uit vier verskillende kerkgenootskappe kom nou elke Saterdag- en Sondagmiddag bymekaar om die module 1 materiaal onder die knie te kry.

Dis wonderlik om te sien hoe hulle reageer op die inligting. Wat vir baie

predikante ou nuus behoort te wees is, het ander hier nog nie van gehoor nie. Daar is ook baie praktiese temas saam met die Bybel-interpretasie ingebou, en dit lekker om te sien hoe hulle soms met groot oë luister.



Pastor Josaphat - 'n ster-student wat die Module 1 kursus so pas in Nacala voltooi het. Hulle gemeente gebruik ook ons Bybelstudie materiaal met goeie vrug.

Ons bid dat groei in die verstaan en gebruik van die Woord tot seën vir elke gemeente waar hulle betrokke is, sal wees.

Tans is ons vir twee weke in **Pemba**, waar Andries ook hier module 1 vir leiers van 'n gemeentjie aanbied. Johan Dames is ook deel hiervan en dis lekker om saam te werk.



Vier van die groep van 11 deelnemers word as fasiliteerders in Pemba opgelei.

In Mei is ook 'n geleentheid om saam Riaan Terreblanche opleiding in sentraal mosambiek vir studente van 'n plaaslike Bybelskool aan te bied.

### 2.2. Geletterdheid

Behalwe vir die Portugese werk aan die Veritas kursus, het Sunette saam met World Outreach kollega, Riana by geletterdheidswerk betrokke geraak.



Sunette besig met privaat geletterheids klas

Die groepie vrouens vorm 'n hegte eenheid, en soos by die ander groepe wat die Frankes aan die gang het, word een byeenkoms per week aan die Woord van God gewy. Elk het ook 'n audio Bybel ontvang. Die meeste van hulle kom uit 'n Moslem agtergrond.

Ons dink aan moontlikhede om die groep uit te brei. Bid saam met ons vir die Here se leiding hierin.

### 3. ... en nog geleentehede

Deurdadig vanaf Macomia kom, het 'n mens op 'n manier 'n band met die vlugteling uit Cabo Delgado. Ons het vir 'n paar vlugteling-families in ons area gaan kuier, en een familie uit Pangane – teen die kus van die Macomia distrik – het ons opgesoek. Dit is 'n jong man, **Assane**, en sy vrou (met twee klein kindertjies) wat meer wou weet oor die weg van Jesus.



#### Assane

Assane is 'n man wat van Macomia distrik af gevlug het, en by ons kom aanklop het om meer vd evangelie te hoor. Bid vir hom in sy babaskoene van 'n nuwe lewe as dissipel van Jesus.

Andries het al baie ure saam met hom na verskillende gedeeltes in die Woord gekyk. Hy en sy vrou het albei gese dat hulle Jesus wil volg. Ons moedig hulle ook aan om met van die plaaslike gelowiges in te skakel, waar daar ook 'n goeie groep x-m\*slem gelowiges is.

'n Ander geleentheid is die maandelikse **'Word of God'- seminaar by Mossuril**. 'n World Outreach kollega, Myriam, het deur die jare 'n hele netwerk natuurlike medisyne 'apteke' op die been gebring. Een maal per maand kom hulle bymekaar vir opleiding en ook vir waarhede uit die Woord van God.

Myriam is egter in Duitsland waar sy na sieklike ouers omsien, self siek was en weens die Covid reels nie eintlik na Mosambiek kon reis nie. Andries het intussen twee van die 'Word of God'-seminare aangebied. Dit is 'n gemengde

groep met persone uit verskillende godsdienstige agtergronde. O.a. van waarde was die versterking van christene en die antwoord van vroeë rakende stellings wat 'n imam op die radio gemaak het.



Mossuril 'seminaar'; onder die deelnemers is groot groep M\*slem mense. Amper almal het na die gesprek oor paasfees aangedui dat hulle glo dat Jesus waarlik vir hulle sondes betaal het en uit die dood opgewek is. Dit is die vrug op die mooi bediening van Myriam



Mossuril 'seminaar'; klas gee in plaaslike styl

### 4. Nacala-honger

Totdat die reën eers in Februarie geval het, het die mense rondom ons 'n groot voedsel tekort beleef. Met die voorraad en fondse wat ons groepie tussen ons gehad het, is mense met wie ons op 'n manier 'n verhouding het gehelp. Dit was maar 'n druppel in die emmer.

Mens het gesien hoe mense maerder en maerder word. Die baie vlugteling sit ook nog baie druk op reeds arm gemeenskappe. Vir weke het mense net blare (wilde spinasie) geëet met geen stysel daarby nie.

Noudat daar mielies geoes word, gaan dinge beter, maar daar is steeds baie armoede.

### 5. Geweld

Soos ons deur die loop van die afgelope drie jaar vertel het, hou die verhale van wreedheid, hartseer, pyn, ongeregtheid en lyding steeds nie op nie. Met die aanval op Palma, het die wêreld egter in bewusheid van die situasie gegroei. Die

omvang en gesofistikeerdheid van die aanvalle neem toe en ons kan maar net bid vir die Here se genade.



Ons het heerlik saam sendingvriende gekuier met ons Pemba besoek. Met dreigemente van aanvalle op Pemba, kan ons ook vir hulle bly bid.

### 6. Familie-dinge

Die grootste familie-nuus is dat ons eerste kleinkind gebore is.

Met moontlike deelname aan Veritas opleiding in sentraal Mosambiek, roep ons oupa- en oumaskap ons om dan 'gou' die ander helfte van die rit Suid toe aan te pak, om die nuwe dogtertjie te gaan ontmoet.



Kleine Riley is 7 April gebore

Ons dank die Vader van liefde vir Sy werk in elk van ons se lewens en in die wêreld waarvoor Sy Seun kom sterf en opgestaan het.

Mag julle elke oomblik saam met Hom wandel.

Andries en Sunette

#### Sunette

Sel en Whats App: +258 87 218 7023

#### Andries:

Whats App: +27 81 891 1951..

Sel: +258 84 385 6955

**Rekeningnaam:** World Outreach SA – Mission Account **Bank en tak:** Standard Bank, Potchefstroom **Rekeningnommer:** #200656783 **Verwysing:** Schwartz. – voeg u eie naam/van ook by asb.